Gliserienseep met gedroogde blomme.

Benodigdhede:
Oorskiet gliserien-seepsplinters of 'n koekie gliserienseep
gedroogde taventelblomme of roosknoppies (of enige ander gedroogde blomme of kruie)
kastrol
geskikte plastiek-gietvorm, bv. margarienbakkie, plastiekpyp
nie-klewende kossproei.

Maak so:
Sny die seep in klein stukkies en smelt dit oor baie lae hitte - dit smelt bale vinnig. Spuit die vorm met kossproei. Plaas die gedroogde blom in die seepvorm en giet die gesmelte seep daaroor.
Gooi stadig sodat daar so min moontlik borrels ontstaan. Laat staan tot gestol en ontvorm. Vir die lang sepie, stop die een kant van 'n plastiekpyp toe met wondergom, spuit met kossproei en steek 'n roosmaryntakkie daarin.
Giet die seep daarin en laat staan om te stol. Druk die sepie versigtig uit en laat dit lê om droog te word.